# DIE WAPAD

STUDENTEBLAD van die P.U. vir C.H.O.

DEEL XI. Woensdag, 15 Augustus 1956. Nr. 8.


# TOERGESELSKAPPE terug na uiters geslaagde toere.



MNR. H. J. VAN DER WALT
Voorsitter, Alabama .

## Alabama en en Thalia maak naam.

**Alabama en Thalia kan terugkyk op 'n Julievakansie wat op baie nuttige wyse bestee is; elkeen van die verenigings het 'n uiters geslaagde toer agter die rug.**

**ALABAMA:** Hoewel die Alabama slegs vir twee en 'n half weke lank op toer was, kan hul 'n wins toon van tenminste £560. Die gees onder die toerlede was uitstekend en die organisasie besonder deeglik.

Met Louw van Wyk en Nesco du Toit as toerleier en orkesleier onderskeide ik, het die Alabama 'n toer deur Wes-Transvaal en Noord-Kaapland onderneem. Ten spyte daarvan dat die reis per skoolbus taamlik eentonig was, was die opvoerings deurgaans geslaagd en is met hoë lof gepraat van die gehalte vermaak deur die orkes verskaf. Die program is besonder goed afgewissel met luim en erns en het iets aan selfs die mees kieskeurige konsertganger gebied. Nommers gelewer deur Marié Rautenbach aan die klavier en 'n Balletnommer deur Ina Stiglingh, het die ernstiger dele van die program gevorm terwyl Idyll van der Walt en Schalk Buys vir die vrolikheid gesorg het.

Met groot waardering maak Hennie van der Walt (Voorsitter) melding van die hulp van Mnr. Daan Eloff, die reisouers, Mnr. en Mevr. Josef Henning en Erasmus Smit, die Studenteraadsverteenwoordiger.

### THALIA:

„Walda Botha maak naam in Liefde en Spelfoute", lui die opskrif bo die berig in die „Suidwester" na die opvoering van Thalia in Windhoek. Met groot lof word verder gepraat van die besonder hoë gehalte van toneelspel deur Johan van der Vyver, Alwyn du Plessis en Piet Steinberg gelewer. Die opvoering van Thalia word beskou as een van die mees geslaagdes wat nog in Windhoek gesien is en die berig eindig met die woorde: „Die Windhoekse toneelentoesiaste sien uit na die Thaliavereniging se volgende besoek."

Bogenoemde opsomming van die kommentaar van Suidwes se grootste koerant oor die opvoering van Thalia in Windhoek, kan as aanduiding geneem word vir die geslaagdheid van die toer van die toneelvereniging deur Suidwes. Tereg kan hierdie toer as 'n hoogtepunt in die geskiedenis van Thalia beskou word. Die toerlede was waarlik ambassadeurs vir die P.U. vir C.H.O. en blyke van die welwillendheid en belangstelling van die kant van die publiek, is orals ondervind.

Die aangename gees wat op die toer geheers het, is grootliks verhoog deur 'n besoek aan die Eetoshapanne, 'n baljaardery in die sandduine by Swakopmund en 'n vaart met 'n vissersboot by Walvisbaai. Dit is egter met koue rillings dat die toergeselskap terugdink aan die treinongeluk wat hul net-net vrygespring het naby Windhoek.

Die organisasie van die toer was besonder deeglik en hoewel die wins nie so groot as met die vorige toer was nie, was die totale inkomste heelwat hoër.

## Eerste Minister besoek P.U. vir C.H.O.

Sy Edele, adv. J. G. Strijdom neem die hoeksteenlegging van die nuwe administratiewe gebou waar op Saterdag 25 Augustus. Daar word verneem dat hy heelwaarskynlik ook die kafeteria se deure amptelik sal oopsluit.


ONDERSTEUN ONS ADVERTEERDERS


## „Your Hoogs-Ontplofbare Dishonour"

Die indrukke wat mens oorgehou het van die hofkonsert gehou op Vrydagaand, 22 Junie, was dié van studentepret in die hoogste versnelling, gepaard met gesonde en warme belangstelling van die kant van die publiek.

Nadat die publieke aanklaer die klag voorgedra het ten aanhore van die gestrenge stiervegter, die regter, en die lede van die slapende, drinkende, koerantlesende jurie, het die gevatte advokaat vir die verdediging met gepaste aanhalings uit die werke van groot Romeinse en ander regsgeleerdes, sy „case" uitmekaargeskeur. Met behulp van die „spin" van 'n „coin" of op een of ander dergelike wyse het die jurie dan sonder uitsondering tot die eenparige beslissing van „guilty" oftewel „skuldig" gekom en die slagoffer is oorgelaat aan die genade van die regter wat blykbaar net twee woorde („Tien Pond") geken het. Een keer is tot £50 van die skuldige geeis. Maar altyd het die lede van die publiek met 'n glimlag opgedok.

Hoewel die hele proses gekenmerk is deur gevatheid en oorspronklikheid en aangename afwisseling verskaf is deur lede van Thalia en Alabama, het die program tog bietjie uitgerek aangedoen. Dit sal natuurlik voorkom word wanneer minder persone om bydraes genader word.

Die aand het ongeveer £350 opgelewer. Nog sewe of agt dergelike opvoerings word beoog.

**J. HEIDEMA**
Vir
FIETSE,
TIKMASJIENE
en
MOTORFIETSE

**J. HEIDEMA**
(teenoor Geref. Kerk.)
Kerkstraat 30,
POTCHEFSTROOM.

Drink **S & S** en Geniet
DIE BESTE
SUPER ORANGE
TING-A-LING
PEP-A-DILLA
TOP HAT
SHERR & SHAKINOVSKY
POTCH. MINERAL WATER
FACTORY
Phones 16 & 1144 P.O. Box 134



**„Kry 'n Kommando!"**

**Rook Kwaliteit teen Suid-Afrika se Gewildste Prys**

NET 1/2 VIR 20 FILTER, KURK OF SONDER KURK

Omdat Kommando dag vir dag by die miljoene verkoop, rook u geurvarse* topkwaliteit-tabak teen Suid-Afrika se gewildste prys. Daarom is Kommando ook die sigaret *waarom Suid-Afrika die meeste vra.* Gee Kommando 'n kans—en oordeel self!

* *Uit fabrieke in al vier die provinsies, kom Kommando-sigarette kwaliteitvars by die tabakwinkel . . . geurvars en genotvol by u!*

**DIS DIE KWALITEIT WAT KOMMANDO VERKOOP!**

G1/441-2A

**Ed. L. OOMS,** (N.S.T.O., N.V.V.O. Ned.)
• OOGKUNDIGE.
• Brilspesialiteit.
U oë getoets op modern-wetenskaplike metode.
Kerkstraat 129 — POTCHEFSTROOM — Telefoon 980
EIE OPTIESE SLYPERY.
Depot: CARLZEIS-JENA.

**MOOIRIVIER-APTEEK**
Kerkstraat 155,
POTCHEFSTROOM
Telefoon 380.
**Die Apteek vir Diens!!**

**JAY'S GARAGE**
(K. NOBEL, Eienaar)
Lombardstraat 5, Foon 175,
POTCHEFSTROOM
Voorraadhouers en Handelaars in
• MASSEY-HARRIS TREKKERS
• PLAASGEREEDSKAP,
• PLANTERS en STROPERS,
• S.A.F.I.M. en WILDBOAR-IMPLEMENTE, ens.

**INGRAM SE BOTTELSTOOR**
INGEVOERDE
en
KOLONIALE
• Wynsoorte
en
• Spiritualieë

**CORNER FRUIT STORE**
vir al u
• VRUGTE, LEKKERS,
• SIGARETTE,
• KOELDRANKE en
• VERVERSINGS.
VRUGTE en GROENTE.
Bekend vanweë sy
UITSTEKENDE DIENS!!

DAMES!!
Kom koop al u benodigdhede hier op die BULT
teen baie redelike pryse.
OOK ALLE TOILETWARE.
**CACHET MODES (EDMS.) BPK.**
TOMSTRAAT 56A — FOON 1389
POTCHEFSTROOM

MALAN MEUBILEERDERS
S.A.N.L.A.M.-GEBOU, WINKEL NR. 3,
POTCHEFSTROOM.
•
KOM BESOEK ONS VIR „DIENS"!

Die Wapad

Woensdag, 15 Augustus 1956.
**Offisiële Studentekoerant van die P.U. vir C.H.O.**

# Geleentheid tot opbouing

In die verlede is daar dikwels die gebrek aangevoel aan 'n geskikte, gesellige sentrum waar ons as studente mekaar kan ontmoet en gesellig kan verkeer. Ons hele studentelewe het begin ontwikkel in die rigting van groepvorming. Stadigaan kom daar meer en meer vreemde gesigte by. Ons ken mekaar nie meer nie! Die gees van 'n groot universiteit is stadig besig om oor ons toe te sak soos 'n groot donderwolk — 'n gees wat net soos 'n donderwolk vernietigende skade kan aanrig. Die hegte eenheid wat voorheen die studentelewe van die P.U. vir C.H.O. gekenmerk het, is besig om te verdwyn.

As ons dan nou voor hierdie situasie te staan kom, dan kom die vraag ook onwillekeurig by ons op: Aan wie het ons dit te danke? Wie dra die skuld vir die kwynende belangstelling in die studentelewe en afnemende belangstelling in ons medestudente? En dan kom die antwoord, soos 'n beskuldigende wysvinger, hard en duidelik: Dit is ons eie skuld. Elkeen van ons is skuldig. Dit is ons eie skuld dat ons nie meer ons medestudente ken nie, dat ons nie meer tyd kan vind om met mekaar te gesels en in mekaar belang te stel nie

Sodra ons dan erken dat daar iets verkeerd is in ons studentelewe en dat ons self skuldig is daaraan, begin ons verskonings soek vir ons eie gedrag. En as ons heeltemaal eerlik wil wees met onsself, sal ons geen verskoning vind nie. Ons het genoeg geleentheid om mekaar te leer ken en ons het die sentra waar ons bymekaar kan kom — die studentesaal en nou ook die kafeteria. Hier kan ons mekaar ontmoet, gesellig verkeer, belangstel in mekaar en opbou wat reeds halfpad afgebreek is — 'n kerngesonde studente samelewing

Kom Pukke, laat ons van hierdie geleentheid wat nou aan ons geskenk word met die opening van die kafeteria gebruik maak. Laat hierdie kafeteria die hart word van 'n vriendelike, bevriende studentesamelewing. Hier het ons die geleentheid om nuwe lewenskrag in ons studentelewe in te pomp.

# Bywoning noodsaaklik

In die verlede het dit dikwels gebeur dat by geleenthede soos die hoeksteenlegging of ingebruikneming van nuwe geboue van die P.U. vir C.H.O. daar 'n minimale aantal studente opgemerk kan word. Dit is vervelig: 'n vermorsing van goeie tyd; daar sal wel ander studente wees wat gaan — dit is die regverdiging wat diegene wat wegbly van sulke geleenthede vir hulle optrede aanbied.

Nou het daar weer so 'n geleentheid gekom in die geskiedenis van die P.U. vir C.H.O. Op Saterdag 25 Augustus sal sy Edele adv. J.G. Strijdom, ons Eerste Minister, die hoeksteenlegging van die nuwe administratiewe gebou waarneem.

Gaan ons hom ook bestempel as vervelig en vermorsing van tyd? Gaan ons hom, wat ons eintlik 'n eer bewys deur sy koms hierheen, doelbewus wegstuur met 'n swak indruk van die Potchefstroomse studente? Of gaan ons, een en almal, daardie hoeksteenlegging bywoon om sodoende ons belangstelling in ons universiteit daadwerklik te toon? Die korrekte antwoord op hierdie vrae is voor die hand liggend. Mag ons almal se antwoorde ook korrek wees.

## Oordenking

# APARTHEID

Gen. 12:1 „En die Here het aan Abram gesê: Gaan jy uit jou land en uit jou familie en uit jou vader se huis na die land wat Ek jou sal wys".

Abram ontvang van God die bevel om te trek na 'n vreemde land. En met hierdie bevel tree daar 'n nuwe kader in in die verbondsgeskiedenis van onse Here. As ons na die loop van die verbondsgeskiedenis kyk vanaf die skepping, sien ons hoe God Hom openbaar het aan die hele mensheid: die hele mensheid het die opdrag gehad om Sy Woord te bewaar. Maar deur die sonvloed is hierdie opdrag gedeeltelik afgesny, want in Noag staan 'n nuwe volk op met 'n nuwe roeping. Ja, God wil Hom nog aan almal openbaar maar Hy doen dit langs 'n omweg: die hele mensheid ken Hom nie meer nie maar hulle moet. Nou roep Hy Abram uit die groot volkeresee, slegs één persoon, en aan hom word die Woord toevertrou met 'n sendingsroeping. Dit is egter nie al nie. Hy moet gaan na 'n vreemde land om daar as 'n eiesoortige volk te staan, alleen te veg vir hulle eie karakter te midde van die afgodiese kultuur. M.a.w. God beveel Abram om in 'n heidense wêreld nie alleen 'n **territoriale apartheidsbeleid** te voer nie maar ook 'n **geestelike apartheid.** Territoriaal vorm hy 'n aparte staat van die wêreldse stad Ur met al sy glans en glorie en weelde. Hier bou Abram 'n volk van die Here met die Woord as sy grondslag om 'n magtige teenblok — eenvoudig in lewenswyse maar groot in geestelike krag — te vorm teen die ryk van Satan nl. die stad Ur met sy vleeslike genot en wêreldse verleidinge. Maar ook geestelik staan hulle geskei. Ons sien God hier in Sy besondere werksaamheid en met 'n grootse doel nl. die roeping van 'n geslag en 'n volk vir die Here. Waarom: hier in die vreemde moet hulle vry wees van die invloede van die satanstad Ur.

Is dit ook nie die posisie wat ons universiteit inneem nie? Op 'n geestelike apartheidsbeginsel staan ons hier om 'n grondslag uit te bou enig in ons land. Daarom ondervind ons ook so baie teenkanting, maar daarom kan ons telkens eervol as oorwinnaars in ons stryd uittree. As voorbeelde kan ons maar noem die stryd van die A.S.B. teen die Federasie van Studenterade, die stryd wat ons gedurig voer teen die ander universiteite. Maar God het daarmee 'n doel en dit is om manne en vroue hier op te lei en toe te rus met Sy Woord, met 'n wye uitsig op Sy skepping, om as stryders vir Sy koninkryk die dreigende onheilsgees van die stad Ur in ons land teen te staan. Apartheid bring ook mee dat jy alleen staan. So moet dit ook wees en sal dit ook wees. In die praktyk sal dit die posisie van die ware beyweraars vir die saak van ons inrigting wees. Laat ons egter nie bevrees wees nie want sê God aan Abram, „Ek sal jou groot maak dat jy 'n seën sal wees", en verder „en in jou sal al die geslagte van die aarde geseën wees". Ons staan dus menslik gesproke alleen, maar by God nie — Sy seën rus op ons. Hou die oog op Jesus want Hy het ook met 'n geestelike apartheidsbeginsel Sy stryd vir ons gestry. Dit is ons taak: staan apart van die wat God en Sy gebod skend met 'n beginsel wat 'n oog het op die kroon wat weggesluit is in Jesus Christus.

Jansen du Plessis.

REDAKSIE

F. W. de Klerk (Hoofred.), J. C. Coetzee (Onder-hoofred.), P. J. S. de Klerk, D. C. Coetsee en mej. M. Stoker (Nuus), mej. H. E. Dekker (Kuns), J C. Coetzee en mej. E. C. L. Seyffert (Sport), H. J. van der Walt, P. J. de Bruyn en mej. J. Erasmus (Varia), P. Brandt (Af'os) en C. Harrington (Fotograaf), mej. H. Rautenbach (Kuns).

ADMINISTRASIE

J. C. Hendriks (Sakebestuurder), A. G. E. Yssel (Advertensie-bestuurder) B. v.d. Walt, P. J. Rickert, H. Steyn, J. Hoogenboezem, C. J. Steenkamp, A. Pyper, J. le Roux, F. Roux, mejj. K. Pretorius, M. v.d. Merwe en A. Opperman.

**LOOCK**
**Kleremakers**
**Calderbanksgebou,**
**Kerkstraat 102 — Telefoon 855**
**POTCHEFSTROOM.**

**I. GLASER**
H/v 137 Kerkstraat en Autolaan
**OMEGA en TISSOT**
**HORLOSIES**

**J. TOD SUTTIE.**
Komplete
**Mansuitrusters**
Vir al u KLERASIE en ander benodigdhede.
Kerkstraat 127 — Telefoon 1,
POTCHEFSTROOM

**WESTVAAL**
Studente !!!
VIR KWALITEIT
DROOGSKOONMAAK
STUUR NA
**WESTVAAL**

**S.A.N.L.A.M.**
Word verteenwoordig deur
MNR. VENTER,
Noordbrugweg 3 — Telefoon 1247,
POTCHEFSTROOM
Vir al u Assuransiepolisse en Versekerings.

BESOEK—
**HARRY JEDEIKIN**
VIR
BOUMATERIAAL TIMMERHOUT
en YSTERWARE.
TEVREDENHEID GEWAARBORG
Foon 639 115 Kerkstraat

**Studente . . . !!**
Vir al u
- Handboeke,
- Skryfbenodigdhede,
- Leertasse,
- Geskenke, ens.!

BESOEK ONS EN WEES VERSEKER VAN GOEIE DIENS
**POTCHEFSTROOM BOEKHANDEL**
Kerkstraat 90 — Telefoon 497

Bus 206 Tel. 164 & 1167
H/v. Wolmarans- en Van Riebeeckstraat
**CENTRAL CASH STORE**
POTCHEFSTROOM
Vir Vars Vrugte,
Groente,
Kruideniersware,
Damesuitrustings,
Kombuisgereedskap.
ONS IS DIE BILLIKSTE IN DIE DORP.

**O. K. BAZAARS**
**Waar Suid-Afrika koop !**
DIE O.K. BAZAAR HOU DIE MARK ELKE DAG DOP VIR WINSKOPIES WAT ONS LAER PRYSE STEEDS LAER LAAT DAAL.
DEUR ONS WINSKOPIES BESPAAR **U**
**Koop kontant en bespaar**
**O. K. Bazaar, Potchefstroom**
Foon **404** Posbus **102**

KOM SIEN ONS—
vir al u
- Fotografiese

en
- Aptekersbenodigdhede,

**GEEN & VELLEMAN**
Kerkstraat,
POTCHEFSTROOM.

**SAAMWERK WINKEL,**
VON WIELLIGHSTRAAT 13
Foon 515
Algemene Handelaars
KRUIDENIERSWARE,
HARDEWARE,
KLERASIE,
en SKRYFBEHOEFTES
"Kom ondersteun ons Pukke!"

**HAROLD'S**
**AUTOMOBILE SERVICE STATION.**
Kerkstraat 166 — Telefoon 129[illegible]
Potchefstroom.
Voorraadhouers van alle
Onderdele en bykomstighede vir u Motor, Trekker, ens.

**UNIE BAKKERYE**
Posbus 244 — Foon 167 en 1086
BROOD, KOEK en PASTEITJIES
Bakkers en Banketbakkers vir alle geleenthede.
TROUE-, VERJAARDAG- en DOOPKOEKE.
Kerkstraat 38, Potchefstroom.
Spoorwegstraat, Klerksdorp

**DIE BULT**
**Algemene Handelaar**
Von Wiellighstraat 20,
VIR ALLE
KRUIDENIERSWARE,
SIGARETTE, ens.
HARDEWARE,

# Van Studenteraadswee

Met sy heengaan 'n paar dae gelede het die paar studente wat die voorreg gehad het om Aptekerstudent J. J. H. du Plessis te ken, 'n vriend om op trots te wees, verloor. Ons sal jou mis, Jaap, al moet die lewe intussen skynbaar ongestoord sy gang gaan. Mag jou naasbestaandes krag en vertroosting van ons Vader wat in die hemele is, ontvang.

Hartlik welkom aan u ander wat na 'n aangename rustydjie kon terugkeer. Mag u in die komende halfjaar die kroon op u werk van die eerste semester — en dit sluit sowel studie as studentelewe in — kan plaas.

### GELUK EN DANK.

Aan die talle verliefdes en verloofdes in ons midde, aan kultuurmense soos die lede van Alabama en Thalia wat elk 'n puik toer agter die rug het en aan sportmanne soos Stoney en Lange, hartlik geluk. Ons is trots op julle.

En aan almal wat hulle deel — en nog veel meer — tot die afbetaal van die aanbouings by die Totius-Gedenksaal bygedra het, ons opregte dank. Ons waardeer die gees wat uit u dade spruit.

### AANBOUINGS.

Op Saterdag, 4 Augustus, kon die veelbedroomde Kafeteria uiteindelik sy eerste koeldrank oor die toonbank skuif. Hy is nog maar in sy kinderskoene: pas hom dan maar goed op — en as julle enige wenke of klagtes het, Pukke, ontvang ons dit graag. **Op Saterdag 25 Augustus sal die hoofdeur van die Kafeteria oopgesluit word deur óf die Eerste Minister óf die Rektor. Dit sal plaasvind onmiddelik na afloop van die hoeksteenlegging van die nuwe Administratiewe Gebou en die rede van Sy Edele, adv. J. G. Strydom.**

Alhoewel al die kaste en rakke nog nie voltooi is nie, lewer die aanbouings reeds nuttige diens. Alle instansies wat vergaderings in die nuwe komiteekamers wil hou, geliewe vroegtydig by die Studenteraadsekretaris daarvoor aansoek te doen.

Met die geldinsameling het dit in sommige gevalle bo verwagting goed gegaan. Om so saam te werk, is 'n voorreg. Reeds op hierdie tydstip ook ons dank aan ons talle donateurs.

### STUDENTEHANDBOEK.

Om almal wat die verskyning van die Studentehandboek op 11- Augustus moontlik gemaak het, afsonderlik te bedank, sou onmoontlik wees. En tog sou mens onmoontlik die name van die taaladviseur, **dr. Hertzog Venter,** en die drukker, **Mnr. J. P. Enslin,** kon verswyg. As daar iemand is wat die graad D. Brosj. (summa cum lande) of 'n erekleurbaadjie vir geduld en deeglikheid verdien, dan is dit hulle.

**Namens ons studentegemeenskap dan al wat ons kan gee: ons heelhartige dank. En veral hiervoor ons opregte waardering: dat u geweier het om meer as net dit as blyk van erkentlikheid van die kant van die studente, te ontvang.**

Op Saterdagmôre 18 Augustus sal die eerste kennis wat uit die Studentehandboek geput is, op eksamenskrif gestel kan word.

### BY DIE S.R. IN TE HANDIG.

.25 **Augustus:** Alle finansiële dokumente soos boeke — wat natuurlik afgesluit moet wees — kwitansies ens. moet voor of op 25 Augustus by die Studenteraadskantoor ingehandig wees

.29 **Augustus: Stemlyste.**

5 **September:** Alle jaarverslae moet op sy laaste Woensdagmiddag 5 September om 2.00 nm. in die hande van die Studenteraadsekretaris wees.

Gee asseblief in al u jaarverslae:

(a) 'n kort maar volledige oorsig oor die jaar se werksaamhede vanaf 16 September 1955 tot en met 13 September 1956; en

(b) eerlike kritiek en wenke met die oog op die toekoms.

(a) 'n Volledige lys van oordragte en aanbevelings deur die aftredende besture opgestel met die oog op groter doeltreffendheid in die era van die nageslag.

(b) 'n Volledige inventaris van al die besitinkies van u liggaam hetsy komitee, vereniging of klub, wat deur die voorsitter en sekretaris van elke instansie onderteken is. Meld hierop asseblief uitdruklik wat u liggaam bygekry of van ontslae geraak het sedert die opstel van die vorige inventaris (begin 1956).

### DATUMS OM TE ONTHOU:

18 Augustus: Studentehandboekeksamen.

25 Augustus: Administratiewe gebou en Kafeteria.

Finansiële dokumente by S.R.

29 Augustus: Stemgereglyste by S.R.

5 September: Jaarverslae by S.R.

8 September: Oordragte en aanbevelings asook inventarisse by S.R.

10—13 September: Verkiesings.

13 September: Laaste Massavergadering van S.R. van 1956.

17 en/of 18 September: Aanvullende verkiesings.

### EREKLEURE.

Die Studenteraad is tans besig met die ontwerp van 'n Erekleurewapen. Die werk sal hopelik voor 13 September — wanneer die nuwe S.R. sal oorneem — afgehandel wees.

Dan was dit ook vir die Studenteraad 'n voorreg om die eerste Erekleure van 1956 toe te ken aan Mnr. **Hans Aucamp** van die Opleidingskollege te Wellington. Mnr. Aucamp was die eerste Puk wat Springbokkleure verwerf het toe hy in 1924 as vleuel diens gedoen het teen Cove Smith se Britse span. Aan elkeen die eer wat hom toekom, al word hierdie eer ook 5 jaar vóór die instelling van Erekleure verwerf. Hartlik geluk!

'n Waardige voorbeeld, dié Oom Hans Aucamp (oftewel „Soutpotjie" soos sy bynaam was), Pukke. Hoe lyk dit vir 'n opvolger in hierdie posisie?

T. v.d. W.

## Op die S.R.-Tafel

(25 JUNIE — 8 AUGUSTUS.)

- Kleure.
- Verslae.
- Kafeteria.
- Studentehandboek.
- Begrotings en lenings.
- Toere.
- S.A.B.R.A.
- Aanbouings.
- Ameublement kantore.
- Inter-universitêr.

## W. A. de Klerk oor eie kuns

Op Maandagaand 6 Augustus het die Estrarte Letterkundige Vereniging 'n lesing van W. A. Kerk voorgedra, waarin hierdie bekende Afrikaanse skrywer sy houding t.o.v. sy eie lewensbeskouing en werk uiteengesit het. Met besondere verwysing na **Die Uur Van Verlange,** wat as een van die belangrikste romans in ons letterkunde beskou kan word, het De Klerk aangetoon hoe hy 'n bepaalde lewensopvatting in sy werk vergestalt. Hierdie houding, gebou op die teorieë van Goethe in **Faust,** en Toynbee in **Study Of History,** sien die mens in gedurige stryd teen allerlei magte. Sodra die mens in sy ontwikkeling 'n staat van ewewig bereik, kom die Bose van buite (soos die Slang in die Paradys, Satan in die boek Job, Mefisto in **Faust,** ens.), versteur daardie ewewig en bied daardeur die mens moontlikheid tot verdere ontwikkeling. Hoe verder dit gaan, hoe moeiliker word dit, soos 'n bergklimmer elke hoëre lys gevaarliker as die vorige vind.

Uit die wyse waarop hierdie beskouing op sy eie roman betrek is, volg De Klerk se konklusie: dat ons Afrikaanse kritiek meer aandag moet gee aan die „dampkring", die basiese gedagtewêreld, waaruit 'n roman ontstaan, as net aan die inhoud van die werk self.



## VAN DIE REDAKSIE

Postmahuis,
P.U. vir C.H.O.
8 Augustus 1956.

Geagte Pukke,

Na 'n lekker lang vakansie is ons nou weer terug om die laaste skof aan te pak. 'n Gees van bekommernis en gedetermineerdheid is reeds duidelik merkbaar by almal. Die rede? Die eksamen is hier. Dit is 'n onaangename, en tog ook 'n aangename gedagte. Onaangenaam omdat ons almal maar opsien daarteen. Aangenaam omdat ons weer nader staan aan die einde van nog 'n jaar — nader aan sukses en voltooiing. Sterkte aan almal met die studies.

Graag wil ons gelukwense uitspreek teenoor Alabama en Thalia met die sukses wat behaal is op hulle onderskeie toere. Aan Stoney en Lange — veels geluk met jul insluiting in die S.A. Unieversiteitespan.

Met hierdie paar woorde word 'n aangename en vrugbare laaste semester aan almal toegewens.

Groetend,
F. W. de Klerk (Hoofred.)

Op dieselfde vergadering is die verdere program van Estrarte vir vanjaar uiteengesit. Die hoop bestaan om nog die redakteur van Rooi Rose hierheen te bring. Vernaamste is egter 'n beoogde boekeweek in Oktober, waarskynlik in samewerking met die Skakelkomitee, waar werk van alle skrywers wat op een of ander manier in verband gestaan het — of nog staan — met Potchefstroom, uitgestal sal word. Dit word reeds nou al onder u aandag gebring, aangesien hierdie groot taak deeglike ondersteuning broodnodig sal hê.

**DIE BULT FIETS- en SKOENREPARASIE-WINKEL**

LANGS WELKOM-KAFEE.

**Besoek ons vir betroubare werk en spoed!**

**FIETSE, SKOENE en FIETSONDERDELE.**

# S.R.-voorsitter neem werksaamhede van halfjaar in oënskou.

'n Breuk met die tradisie van lang halfjaarlikse verslae is op Maandagaand 25 Junie tydens 'n massavergadering in die Studentesaal deur die voorsitter van die Studenteraad, mnr. Tjaart van der Walt, gemaak toe hy verslag gedoen het van die halfjaar se werksaamhede. Terselfdertyd het mnr. van der Walt 'n drietal aanbevelings insake toekomstige halfjaarlikse verslae gemaak en 'n verduideliking daarvan gegee.

Hierdie aanbevelings hou in dat die sogenoemde Halfjaarlikse verslag van die Studenteraad in die toekoms slegs die periode vanaf September tot die einde van April in die daaropvolgende jaar sal dek en so vroeg moontlik in Mei gelewer sal word. Voorts sal hierdie verslag nie net 'n blote relaas van feite en prestasies wees nie, maar eerder 'n geleentheid vir kritiek en wenke van die kant van die Studenteraad en die massa. Daar sal ook getrag word om die verlede sover moontlik globaal en oorsigtelik in oënskou te neem.

Om begryplike redes is dit onmoontlik om hierdie aanbevelings op die huidige tydstip al van krag te laat wees, maar tog beweeg die voorsitter hom reeds in hirdie rigting deur af te wyk van die gewone halfjaarlikse verslag en kortliks 'n geheelbeeld van die werksaamhede van ons georganiseerde studentelewe gedurende die periode 16 September 1955 tot 19 Junie 1956 voor te hou.

Kenmerkend van Korps Veritas Vincet, het mnr. van der Walt vervolg, is die aktuele voordrag gedurende die programvergaderings oor die sentrale tema wat gekies is, naamlik „Die Jeugprobleem", die publikasie van 'n brosjure, „Ons Jeug en Ons", en die aanvoorwerk met die oog op die stigting van 'n inter-universitêre Calvinistiese beweging. Van die P.U.-Afrikaanse Studentebond het mnr. van der Walt die werksaamhede van die Werkverskaffingsburo genoem, die uitstaande aktuele voordrag oor „Die rol wat die Republikeinse gedagte gespeel het in die wording van die Afrikaner", asook die rol van die P.U.-afvaardiging tydens die Agste Bondskongres te Bloemfonetin.

Uit die hoogtepunt wat ons studentesang bereik het danksy die entoesiasme en bekwaamheid van die dirigente, die Kuns- en Kultuurfees van Augustus 1956 wat veel belofte inhou, en veral die wyse waarop die onderliggame van die A.B.K.K. funksioneer, blyk duidelik dat die A.B.K.K. nog steeds die belange van sowel sy onderliggame as van Kuns en Kultuur in die algemeen op die hart dra. Voorts het die voorsitter kortliks die werksaamhede van die verskillende onderliggame geskets.

Verder staan daar op die krediet van die Sentrale Sportbestuur onder andere 'n deeglik georganiseerde intervarsity- reis en sportprestasies uit die boonste rakke. Hoogtepunte en mylpale was onder andere die eerste deelname aan die inter-universitêre tennistoernooi gedurende die Julievakansie deur die P.U.-Tennisklub, die mooi oorwinnings van die Theosrugbyspan oor U.O.V.S. en Wits, die goeie vertoning van die P.U.-Krieketspan met die inter-universitêre krieket-toernooi te Potchefstroom, die verkiesing van Anna Stuwig van die P.U.-Werda-Jukskeilaer tot kapteine van die Springbok-damesjukskeispan en die mooi oorwinning van die P.U.-Bofbalspan oor U.O.V.S. tydens die inter-universitêre bofbaltoernooi in Desember 1955.

Wat die Komitees van die Studenteraad betref, dink mnr. van der Walt veral aan die werk van die Gesellig-heidskomitee met die Ontheffingsdinee en die Simposium, die onvermoeide ywer van die Vreugdedagkomitee, en die pragtige reorganisasie van die Argief gedurende die afgelope halfjaar.

Studenteraadswerk was vanjaar 'n dubbele voorreg vanweë die jeugdigheid van die lede, die hartlike samewerking en die afwesigheid van enige groepvorminge. Dit word bewys deur die sukses met die inlywingsaksies aan die begin van die jaar, deur die geslaagde wyse waarop die vyfjarige bestaan van die P.U. vir C.H.O. vanaf 14 Maart tot 16 Maart feestelik herdenk is, deur die feit dat daar na byna twintig jaar binnekort weer 'n Studentehandboek sal verskyn, die reorganisasie van die studentelewe, en die aanbouings by die Totius-Gedenksaal wat op 25 Augustus amptelik in gebruik geneem sal word en onder andere 'n kafeteria en 'n Studenteraadskantoor insluit. Die finansiële verpligtinge wat hierdeur geskep word, sal verder verlig word deur die kollekteboeke, die toere van die hofkonsertgeselskap, en die toere van Thalia en Alabama.

By die aanvang van die vergadering het die registrateur van die P.U., mnr. S. du Toit, verduidelik hoe daar te werk gegaan moet word om suksesvol te kollekteer.

# BRIEWEBUS

## Kampvegter vir Miekie.

P.U. vir C.H.O.,
Potchefstroom.

Die Hoofredakteur,
„Die Wapad",
P.U. vir C.H.O..

Geagte Heer,

Aan die einde van 1955 het ons studentegemeenskap 'n groot verlies gely met die vertrek van Sottie. Maar toe Miekie haar vir die eerste keer aan die oudames voorstel as Sottie se sussie, was die verrassing nog groter, en ons blydskap het geen perke geken nie, want, soos Miekie self in haar eerste brief geskryf het: „Alle kinners hou fan mei omlat ek Sottie se famielje is". Ons het almal dadelik van Miekie begin hou, nie net op grond van haar familieskap met Sottie nie, maar om haarself.

Ons het almal saam met Miekie die ontgroening deurleef; die ontheffing; die Intervarsity. Miekie het ons op sekere punte gewys, wat vir ons self nooit humoristies sou voorkom nie, en met haar fyn, vroulike insig en besondere sin vir humor — wat heeltemal onafhanklik van Sottie s'n ontwikkel is, teken sy vir ons die nietigste alledaagse insidentjies op trefdend-humoristiese wyse, sodat sy hoegenaamd nie vir Sottie hoef agteruit te staan nie.

Miekie is onmisbaar. Dink net hoe 'n leemte daar in die hart van haar „jongekie" en in ons geagte blad gelaat sal word as sy nou ewe skielik vir tant Fya op die plaas gaan help! Daar sal definitief 'n groot slaggat in die „Wapad" ontstaan! Sy kan buitendien tog ook nie so in die middel van die jaar haar kursus laat staan nie — tensy sy net soveel blou briewe as ek ontvang het — iets wat onmoontlik is, volgens die intellegensie wat sy wat sy aan die dag lê in korrespondensie!

En, ten slotte, Miekie is my door, en wie gaan dan vir my Sondagoggende tee en brood bring as ek nog lekker laat wil slaap, as sy weg is?

Dankie vir plasing.

„MIEKIE SE OUDAME."

Phone 369 Foon 369
POTCHEFSTROOM
For/Vir
**"SUNFROZE"**
**Roomys — Ice Cream**

## *'n Behoefte aan Spontane Sang*

Postmahuis,
P.U. vir C.H.O.,
Potchefstroom.
2 Augustus 1956.

Die Redakteur,
Die Wapad,

Waarde Heer,

Daar is iets moois in ons studentelewe wat dikwels verdwyn om periodiek so effentjies weer te kom loer, om dan maar weer spoedig sy koppie in sy hoekie terug te trek: Dit is singende studente.

Ek herinner my dat enkele jare gelede dit nie 'n seldsaamheid was om saans tussen 6.30 nm.—7.30 nm. groepies singende studente hier op die bult aan te tref nie. Destyds was dit nie eers 'n seldsaamheid om dit op triestige winteraande aan te tref nie.

As studente sing bewys dit dat hulle gelukkig is.

Vrolikheid en jolyt in die goeie sin van die woord is nou eenmaal 'n kenmerk van 'n student.

Hoe lyk dit? Gaan ons nie nou, wanneer ons alweer die komende lente in die aangesig begin staar, weer 'n singende gemeenskap word, nog voordat die lente hier is, en so die mooi tradisie in ere hou nie.

Laat ons weer vrolike, opgewekte, singende Fukke word sonder dat ons deur Sing-Songs daartoe georganiseer word.


Wie gaan die inisiatief neem?

Dankie vir plasing,

H. J. v.d. Walt.

**DAVY ROBERTSON KUNSSENTRUM**
**Vir die Mooiste**
**PORTRETTE en RAME**
**SANLAM-GEBOU**

**WES-TRANSVAAL SPORTWINKEL**
**vir alle**
**SPORTUITRUSTING en SPORTBENODIGDHEDE.**




# A.S.B. KONSERTGROEP lewer uitstekende vertoning

Die konsertgroep van die Afrikaanse Studentebond wat gedurende Januarie en Februarie van hierdie jaar Wes-Europa en Engeland deurtoer het en daar groot sukses behaal het, het die afgelope Julievakansie op verskeie plekke in die Vrystaat, Natal en Transvaal opgetree. Hulle het met die program wat hulle aangebied het inderdaad getoon dat die ophef wat van hulle in ons stamlande gemaak is nie ongegrond is nie.

Hoewel sommige lede van die oorspronklike groep hierdie afgelope toer nie kon meemaak nie, het hulle plaasvervangers hulle plek deeglik volgestaan en geen afbreek gedoen aan die gehalte van die program nie.

Die program wat die ontwikkeling van die kultuur geskiedenis van die Afrikaner op die gebied van sang, musiek en volkspele uitbeeld, het uit twee dele bestaan. Die eerste helfte van die program was gewy aan tradisionele liedere, musiek en volkspele. Die tweede helfte weer aan meer moderne liedere en volkspele.

Onder die bekwame leiding van Prof. Dr. Gawie Cilliê jnr. van Stellenbosch het die studente koorsang van besondere hoë gehalte gelewer. Die koorstukke het bestaan uit verwerkings van naturelle liedere, gewyde liedere en bekende Suid-Afrikaanse liedjies. Ou verwerkte stukke van P. J. Lemmer is egter ook in die tweede helfte aangebied. Dit was eerlikwaar 'n lus om te luister na die uitvoering van hierdie liedere. Dink maar aan die vertolking van die laaste vers van die aandgesang, aan die alombekende Jan Pierewiet, Vêr in die Wêreld Kitty ens. in die eerste helfte. Dan in die tweede helfte aan die uitstaande vertolking van Ou tante Koba, Bobbejaan klim die Berg, Saai die waatlemoen, Die Heidelied en die besondere vertolking van Bergrivier van P. J. Lemmer deur die mans. Werklikwaar, hier was koorsang uit die hoogste rakke.

Die volkspele, afgerig deur Mnr. en Mev. Vosloo asook Mev. Elna Dekker van Bloemfontein, was eweens 'n lus vir die oog. Daar was lustig gedraai en geswaai. Die niggies het besonder bekoorlik gelyk in hulle rokke wat gewissel het van kleure soos bont, geel, groen en wit. Maar dit was nie net die kleure van die rokke wat so aanskoulik was nie. Hulle was vriendelik en spontaan, hulle het met hulle grasie die harte van die toeskouer gesteel. Die neefs aan die anderkant met hulle bruin broeke en hulle paslike onderbaadjies wat gewissel het van kleur soos bont, groen geel, en rooi het getoon dat hulle die manne is wat by die mooi nooiens pas.

Die egte boeremusiek wat deur Piet Geldenhuys, Morkel Combrink en Louis Fourie gelewer is, was werklik iets om na te luister. As Piet daardie konsertina begin kielie het, dan het almal regop gesit en hulle voete het gejeuk. Geen wonder dat hy in Europa ,,die konsertina vertuoos" genoem is nie. Hy is hierdie onderskeiding waardig. Morkel en Louis het hom besonder goed ondersteun met hul guitare.

Die hoogtepunt van die uitvoering was sekerlik die aanhoor van Rene Webb in die tweede laaste item op die program. Hierdie boeredogter met haar soet en strelende sopraanstem het die gehore in Europa en in Suid-Afrika letterlik laat stil word met haar vertolking van Die Kokkewiet.

Om mee af te sluit was die uitvoering van die sangspel Kom dans Klaradyn, sekerlik 'n baie goeie keuse. Die niggies in hulle spierwit rokke en die neefs in hul bruin broeke en rooi ondebaadjies het in hierdie sangspel getoon dat ons trots kan wees op ons groepie studente wat as verteenwoordigers van ons land, ons in die stamlande gaan verteenwoordig het.

Ek het opgestaan na die uitvoering en terwyl ek uit die saal loop, was die lewe vir my mooi want hierdie studente het iets vir ons gebring wat mooi en skoon was, hulle het skaduwees en somberheid verdryf met hulle opgeruimdheid. Spontaniëteit was kenmerkend in hierdie greep uit ons volkslewe en volkskuns.

SHELL-
TWEESLAG-
OLIE

Meng oombliklik
gee beter smering
vinniger aansit

VIR BROMPONIES | BUITEBOORD-MOTORS | GRASSNYER-MOTORS | TRAPFIETS-MOTORS



EN ENIGE ANDER TOERUSTING MET 'N TWEESLAG-ENJIN

*Shell-Tweeslagolie is vervaardig van uitmuntende olies van lae koolstofinhoud. Dit gee 'n skoner enjin, volle krag en langer tydperke tussen opknappings en nasien.*

SHELL - TWEESLAG- OLIE

*n Gespesialiseerde smeermiddel vir alle tweeslag-enjins.*

SX 112A

# Dr. JAN STEYN VOOR N.J.B. OOR „Die Wêreldpolitiek"

„Ons is hier gestel met 'n doel aan die suidpunt van Afrika. Laat ons hierdie doel probeer nastreef en bereik," het dr. Jan Steyn, L.V. vir Potchefstroom, op Vrydagaand 3 Augustus voor die plaaslike tak van die Nasionale Jeugbond tydens 'n vergadering in die Totius Gedenksaal gesê. Dr. Steyn het die woord gevoer oor „Die wêreldtoestande van vandag".

Uit dr. Steyn se toespraak kan afgelei word dat hy getrag het om die dreigende gevaar vir die Weste vanuit die Ooste te skilder met Afrika as die moontlike brandpunt van hierdie stryd, asook om aan te toon hoe dat 'n krisis self in sekere Westerse lande ontstaan, hetsy deur 'n moontlike radikale binnelandse politiek, hetsy deur die huidige politieke en ekonomiese toestande in die onderskeie lande. Spreker het besondere aandag aan die ekonomiese draagkrag van die lande waarna hy verwys het, geskenk.

Deur na elke moondheid, hetsy dit mindere of hetsy dit meerdere belang vir die wêreld-politiek het, te verwys het dr. Steyn die vergadering feitlik op 'n reis om die wêreld geneem.

Nadat spreker in besonderhede ingegaan het op die groot moondhede soos Engeland, Frankryk, Rusland en Amerika se binnelandse en buitelandse posisie, het hy kortliks die posisie van die kleinere Westerse moondhede soos Nieu-Seeland, Australië, Kanada e.a. geskets.

Daarna het spreker die vergadering gevoer na die Verre-Ooste en veral gewys op die kragsposisie wat Japan (die „Engeland van die Ooste") in die Ooste en selfs in 'n geringer mate in die wêreldpolitiek inneem.

Spreker het tenslotte alles in verband gebring met die posisie van die Unie van Suid-Afrika in die wêreldpolitiek, en gekonkludeer dat as dieselfde gees tans nog heers by die volk van Suid-Afrika as wat by die Voortrekkers geheers het, nl. „liewers kaalvoet oor die Drankenberg as onder vreemde oorheersing", het die Afrikanervolk nog 'n toekoms.

Die vergadering is o.a. bygewoon deur mnr. H. H. Holtzhausen, L.P.R. vir Potchefstroom, wat Dr. Steyn aan die vergadering voorgestel het.

## Saterdagmôre 4 Augustus....

Dis 10 vm. op Saterdag, 4 Augustus. Die toets is verby en gewen en die Pukke loop met breë glimlagte rond. Veral by die pas voltooide geboue langs die Studentesaal, is iets buitengewoons aan die gang.

Die deure van die kafeteria gaan oop.

Almal staan nader en met 'n steeds breër glimlag, bestel Peet Duvenage 'n „Crunchie". Na hom kom Vos Venter wat twee koppies koffie wil hê.

Eindelik het die Pukke dus hul eie kafeteria. Dit het 'n lang wag gekos en nog meer ondernemingsgees van die kant van die Studenterade van die afgelope jare en in besonder van die van vanjaar.

### GESEGDES.

Daar is 'n sekere hardheid van persoonlikheid wat deurgaan vir 'n sterke persoonlikheid.

Spreekwoord.

* * *

Om oujongkêrel (-nooi) te word is nie n kuns nie, maar om desnieteenstaande waarlik mens te bly, dit is die kuns.

Anoniem.

* * *

Wie sy medemens met sy blik kan vermurwe en dwing is nie die leier nie, maar wel hy wat sy medemens daarmee kan aantrek.

Anoniem.

* * *

De man zowel als de vrouw is mens in de volle zin van het woord.

Droogendijk.

* * *

Wie met die bril van Gods Woord na die wêreldgebeure van ons tyd kyk, sal die donker gestalte van daardie groot teenstander van Christus sien opdoem . . . .

Ds J. W. Janse v. Ryssen

* * *

Weinig centen — Vele kinderen.
Volle buidel — ledige wieg.

Rympie.

* * *

Waar die harde sig vermeng met die tere, die sterke met die sagte, daar verkry 'n mens 'n aangename klank.

Schiller.

De jeugd is de lente des Levens.

Droogendijk

* * *

Zwei Herzen und ein Schlag.
Zwei Seelen und ein Gedanke

Goethe.

# Van alles en nog wat.

Hieronder verskyn die eerste van 'n reeks artikels oor verskeie onderwerpe wat vir almal interessant kan wees. Ons wil die hoop uitspreek dat hierdie rubriek en die toekoms baie plesier en aangename leesstof aan u almal sal verskaf.—(Red.).

## Die ewolusie van die Perd.

Die Paleontologie stel hom ten doel om die oerplante en dierelewe na te vors. Dit word gedoen met behulp van die fossiele wat in die verskillende aardlae aangetref word. Die aarde word in verskillende lae ingedeel, bv. die Eoceen, die Trias, die Mioceen, ens. M.b.v. die Paleontologie kan die Ewolusie van die perd maklik vasgestel word.

Dis feitlik seker dat die perdefamilie ontstaan het uit 'n primitiewe groep diere van die Ungulata, nl. die Condylarthra, tans almal uitgestorwe. Hierdie groep het gedurende die Eoceen geleef (dws. so 60,000,000 jaar gelede.) Hierdie hipotetiese perdfamilie het op die uitgestrekte Amerikaanse grasvlaktes ontwikkel. Die hak het stadigaan meer-en-meer van die grond gelig sodat die dier vinniger kon beweeg. Die middeltoon het langer geword en die ander tone het saam met die middelvoetbeentjies begin verdwyn. Wat vandag die perd se knie, is, is eintlik ons hakskeen.

Die kop en nek het verleng sodat die dier makliker die grond kon bereik. Terselfdertyd het die maalopervlakte van die kiestande beter ontwikkel. Hierdie ontwikkeling het gepaard gegaan met die geleidelike toename van die grootte van die dier.

Die Eohippus (die perd) van die Onderste-Eoceen-tydperk was 11" hoog. Vgl. hiermee ons teenswoordige perd.

Die eerste duidelike perdagtige dier is die Hyracotherium van die Onderste-Eoceen van Europa. 'n Ander Eoceen-vorm is die reeds genoemde Eohippus van Noord-Amerika. In Eohippus het die voorvoet 4 volledig-ontwikkelde tone met naels terwyl die duim tot 'n sp'int-been verminder het. In die agtervoet het die groottoon heeltemal verdwyn en die kleintoon is 'n splintbeen.

Hierop het gevolg Orohippus van die Boonste-Eoceen, Mesohippus van die Onderste-Mioceen (sowat 19,000,000 jaar gelede), Pliohippus van die Boonste Mioceen en uiteindelik Equus van die Resent (vanaf sowat 10,000 jaar gelede tot nou).

In hierdie reeks van Orohippus na Equus vind daar 'n geleidelike verandering plaas in die voor en agtervoet, in die maaltande van die onder- en bokaak en in die grootte van die dier.

Die uit-einde van hierdie Ewolusie was dan Equus caballus, ons huidige perd. Tot die perde-familie behoort ook die donkie, die sebra en die kwagga (reeds uitgsterf).

So 'n stamboom is ook uit die fossiele verkry vir die kameel, en die olifant, maar hul e is nie so volledig soos die van die perd nie.


VIR . . . . .
VIS, ERTAPPELS,
VERVERSINGS, ens.
Von Wiellighstraat 13,
POTCHEFSTROOM.
WELKOM KAFEE

DIE BULT
SKAATSBAAN
„PUKKE, ondersteun ons vir
AANGENAME
ONTSPANNING!"
Oop vanaf 7.30 in die aand

JOE'S MOTORS
25 Kerkstraat Foon 923
HANDELAARS IN ONDERDELE
KOOP EN VERKOOP
TWEEDEHANDSE
MOTORS
ONS WAARBORG ALLE
HERSTELWERK.

BLITZ!...
DROOGSKOONMAKERS
Stuur u klere na ons . . . ons
sal weet wat om daarmee te
doen!

J. P. van der WALT
APTEEK
Kerkstraat 111 — Potchefstroom.
„ONDERSTEUN 'N OUD-
P.U.-KANER!"
Ek voorsien ALLES wat van
'n APTEEK verlang word.

SONSKYN KAFEE
TOMSTRAAT,
POTCHEFSTROOM
VIR U —
SIGARETTE,
LEKKERS,
KOELDRANKE,
EN ANDER VERVERSING
ASOOK
SNOOKER.
UITSTEKENDE DIENS.

# Miekie voel treurig

Koeloe,
Pots.
5 Ogistis 1956.

Liefste oom Soois en tant fya,

Met 'n hart fol hartseer en oë fol trane wil ek vandag treerige nies fir oom hi.le sê. Dis nie latik willie maar ek moet. Nou hoev oom nie te skrik en te dink lat iemand siek is of lat iemand doot is of soiets nie maar dit is amper net so erg.

Eks so jammer lat ek nou jys hierie slegte nies moet bring maarit issie my skuld nie. Ekket so hart pirbeer om mooi te leer op hierie joeniversiteit maar oom fannie begin af was alles teen my.

Dittit al by die ontgroening begin waarie eerste ding teen my was. Oom sien ek was Sottie se sussie en dit was teen my. Ek was maar nog jonk en so onskullig en toe kom ek op hierie plek waar alles firkeerd was.

Toe kommit by hi dinee en toe moes ek hi man fra wat so oud en firstandig was maar hy was so onferstandig as om fir my te lag oorlat ek hi kind was — in sei oge. Maar oom, hy hettie fir mei gefang met sei slim praatjies nie want tant fya het fir my giwaarsku. Dit was die tweede ding al teen my.

Toe ons begin werk toe was allis so swaar en oom weet lat ek nog jonk is en allis was maar baija moeilik. Allie torre, lektorre en pirfessirs was maar alteit verwonnirt oorlat hilli nie so goet as ek kon spellie en toe was hille ok halv snaakserag.

Nouja oom, toe dink ek nou maar aan allie stoedente wat so goet was fir mei en toe hyl ek so hi biekie mar toe ekkie begin fan hierie kwartaal sien hoeveel werk daar fir mei wag, en hoe snaaks allis is, toe dog ek latik maar sil weggaan en oppie plaas sil gaan werk. En dis nou watik fir oom wou sê: Oom moenie hyl fir mei part nie want dan sal ek treuriger voel.

Alles is so mooi niet by ons joeniversityt: Allie ou bome is ytgekap en daars nou alles niet. Oom soois, eks so hartseer latik nie 'n lang brievie skreif nie maar oom sil firstaan.

Baija groete aan tant fya en almal,

Miekie.

NS.

Oom hille hoefie bikommirt te wees oor kossie want ekkit nie meer hi aapteit nie.

# Kommentaar op die vakansie.

**Abie Pelser aan Magrieta:** Kom ons raak verloof.

**Magrieta:** Nee wat, dit is nie meer iets snaaks nie.

**Uit die Besembos van 1934:**

„Ons wens M.O. en M.A. (Ds. en Mev. M. Postma van Colesberg) geluk met die geboorte van klein Rubber. (Aitsa, Dirk, maar jy het gou groot geword.—Red. Varia).

* * *

**LUSERN-WYSHEID:**

**Thelma aan Naomi v.d. Walt:** Van watter soort diere wat 'n mens nie in die Karroo aantref nie hou jy die meeste?

**Naomi:** Bokke (Met swart baarde en krulhare).

* * *

**HET U GEWEET:**

Dat **Amedi Prollius** die soetste seuntjie op die Thalia-toer was en eers daarna gekys het.

Dat die **Alabama-toer** sy tradisie verbreek het en **niks snaaks** opgelewer het nie. (Nie eers een kys nie).

Biebie Chapman 'n aktiewe lid van die nuwe Tafeltennisklub knoop baie konneksies aan met tafeltennisspelers met die doel om 'n kampioen te word.

Ina Stiglingh het gedurende die Alabama toer 'n nuwe droogskoonmaakproses ontdek. Met die proses kan jy twee dae oorslaan om gesig te was. Belangstellendes — sy woon in Koeloe.

# Nuus.

'n Konsert vleuelklavier is van Duitsland bestel. Die klavier is bedoel vir die Musiek-Konservatorium wat ook 'n deel van die koste sal bydra. Daar sal ook 'n oefenorrel vir die Konservatorium aangekoop word.

* * *

Die openbare Rekenmeesters en Ouditeurs van Suid-Afrika het dit goedgekeur dat die Universiteit by hulle opleidingskema vir die C.A.-eksamen kan inskakel.

* * *

Dr. M. C. Papendorf, Senior Lektor in Plantkunde, vertrek eersdaags na Europa vir verdere studie.

* * *

Dr. P. A. J. Ryke, Senior Lektor in Dierkunde, het 'n beurs ontvang en vertrek ook binnekort na Europa vir verdere studie en navorsing i.v.m. miete.

* * *

Prof. dr. D. W. Kruger keer binnekort terug van Europa en sal begin September weer sy werksaamhede hervat.

# *Hierdie NAME maak nuus.*

Breggie van Rooy is deesdae baie ge'ukkig want sy het 'n lewendige lugposbrief van Suidwes ontvang.

Nita Steenkamp is glo nou al amper privaat verloof aan die Portugese konsulgeneraal se seun gedurende die vakansie op Lourenco Marques..

Piet Steinberg het glo so baie bokke in Suidwes gejaag gedurende die Thalia toer dat sy wind in 'n goeie kondisie is.

Peet Malan en sy verloofde Miemie Geyer, gaan gedurende hulle eerste vakansie nou tarentale jag op Tarentaal.

Louw van Wyk (Alabama) het gedurende 'n oefening om sy kampioenskap as dirigent aan te toon, amper 'n paar mense doodgeval bo van die verhoog af. Hy het sopas herstel van die skok.

Verder word uit betroubare bron verneem dat Casper Schutte se metodes en sleep **ens.** by die dag verbeter.

Vandat Hendrik Bekker en sy ou meisie sleep word sy arm elke aand so ingespan dat dit 'n geruime tyd sal neem alvorens hy weer rugby kan speel.

Bessie Scyffert meen dat 'n daaglikse posdiens tussen Pietermaritzburg en Potch ingestel moet word, sodat maatskaplike werk bevorder kan word.

# Sosiale Nuus

Gecase .
Verloof . .
Getroud ! !

Die afgelope vakansie het alweer heelwat verrassings opgelewer. 'n Hele paar Oud-pukke het besluit om die lewenspaadjie saam te wandel. Roelf Buys en Erika Stoker, en Laura du Plessis en Mnr. D. J. Opperman is onlangs getroud. Koos du Plessis is verloof aan Marietjie du Plessis en Martie van Rooy aan Mnr. Lemmer van Suid-Wes.

Onder ons eie geledere het die paartjies ook op en woes geraak. Piet Buys het selfs so ver gegaan om nou al 'n strop om sy nek te lê.

Johan Brits en Mariette Bischoff, Dick Putter en Bettie Linde, Koos van Rooy en juf. Kruger, Martini Postma en Thelma Pretorius, Peet Malan en Mienie Geyer, Stoker Snyman en Annatjie Opperman is ook verloof. Sybil Mostert is „gecase" met Prollius.

En laaste, maar sekerlik nie die minste nie, het Walda Botha weer ou koeie (of liewer 'n ou Donkie) uit die sloot gegrawe.

**PRESIDENT CAFE**
**FOR:**
● SWEETS,
● GRILLS
and
● COOLDRINKS

**DIE ARCADIA HAARKAPPERS**
VIER GEKWALIFISEERDE HAARKAPPERS TOT U DIENS.
**„Netheid en Kwaliteitswerk" is ons Leuse.**
**Bedieners van Dames sowel as Mans.**

**PRO REGE-PERS Boekhandel**
en
**Antikwariaat.**
**vir al u**
**Wetenskaplike Boeke en Skryfbehoeftes.**
**Kerkstraat 59 — Telefoon 1164**

**MNR. J. S. DU PLESSIS,**
U VERTEENWOORDIGER VAN
**REMBRANDT**
**Meyerstraat 9 — Telefoon 897**
**POTCHEFSTROOM.**

# Theos verloor teen Dorp

In 'n harde wedstryd het Dorp daarin geslaag om Theos 11—3 in 'n Neser-wedstryd te klop. Die Pukke was nog nie fiks nie en daarby moes hulle sonder staatmakers Stoney, de Lange en Rooi Bekker klaarkom.

Die agterlyn het telkens mooi beweeg maar kon nooit deur Dorp se verdediging dring nie. Daarteenoor het Dorp net drie kanse gekry en goed gebruik gemaak daarvan. Theos kon ook beter gevaar het as hulle 'n stelskopper in die span gehad het, aangesien verskeie strafskoppe naby die pale verbrou is.

Na 10 minute het Engelbrecht vir Dorp 'n drie gedruk wat deur Visser vervyf is. (5—0). Na 20 minute gaan die skrumskakel van Dorp, Smit, oor vir 'n onvervyfde drie na 'n skrum naby die pale. Direk daarna druk Dorp se woelige agsteman, Koster nog 'n drie (11—0). Theos begin nou regruk en boer in Dorp se halfgebied maar kan nie deurkom nie. Kort voor die eindfluitjie slaag H. B. v.d. Walt met 'n strafskop (11—3).

**NAVY.**

Navy het goed gespeel en verdien om Dorp 9—3 te wen. Ongelukkig was die stelskopwerk in hierdie wedstryd net so swak. Eers het Potgieter, vleuel, 'n mooi drie in die hoek gedruk. Daarna loop Flip v.d. Walt mooi en gee aan na Christo Steyn wat omtrent 40 treë hardloop om onder die pale te druk. (6—0). In die tweede helfte slaag Dorp met 'n strafskop (6—3). Hierna breek Boere van der Westhuizen skitterend en nael 70 treë vir nog 'n onvervyfde drie (9—3). In hierdie wedstryd het veral van der Westhuizen indruk gemaak met sy veilige spel op losskakel. Hy is beslis 'n aanwins vir die Puk se rugby. Verder het Potgieter, Christo Steyn, Pine Pienaar, Pierre Maritz en Pieter Thiel uitgeblink.

**O/19.**

Die onder 19A het nie veel moeite ondervind om Dorp 8—0 te klop en dus nog bo-aan die puntelys te bly nie.

**UITSLAE**

RUGBY:

O.19 B. 2 Proefplaas 0

Tekkies 3 Dominium Reefs 9

HOKKIE:

1e Span 1 Blyvoor 2.

2e Span 5 Dorp 0.

**TURKSTRA BAKKERY**

**Raadpleeg ons vir . . .**

- **BRUIDSKOEKE,**
- **BROOD**

**en**

- **ALLE KOEKSOORTE.**

**ELKE DAG VARS . . . !**



**STONEY STEENKAMP**
**(O-Kapt. S. A. Universiteite)**

## Inter-Universitere Proefwedstryde.

Stoney, Nokkels en de Lange speel in die eerste wedstryd teen 'n Durbanse 15-tal. Nokkels druk 'n drie en Lange vertoon baie mooi in die lynstane.

Die Woensdag speel Stoney, Lange en Cecil teen die Suidelike Universiteite.

Op die Saterdag speel Stoney vir die Suid-Afrikaanse Universiteite-span teen Natal en Lange en Nokkels in die C-span. Na afloop van hierdie wedstryde word Stoney en de Lange gekies vir die S.A. Universiteitespan om deur die Unie te toer. Stoney word ook aangewys as onder-kaptein van die span. Baie geluk aan hierdie manne.

## Dameshokkie.

Op 23 Junie het die eerste dameshokkiespan 'n rekordtelling van 14—0 opgestapel teen K.A.A.A. (3).

Elke lid van die span het haar plek baie goed volgestaan en veral die voorlynspeelsters het uitgeblink. Die middelskakel, Anna Struwig, het nie net goed verdedig nie, maar self 'n doel geskiet.

Aangevuur deur bogenoemde oorwinning het die eerste dameshokkiespan op 4 Augustus die Benoudes kaf geloop met 'n telling van 4—0. Die Benoudes wat ook eerste liga speel, kan alhoewel hulle geen doele aangeteken het nie, spog met 'n goeie verdediging. Die eerste span se agterlyn was bankvas en in die voorlyn was Bennie Kruger en Edelweiss Oosthuizen die staatmakers.

# P.U. Tennisklub.

Vir die eerste keer in ons tennisgeskiedenis het die P.U. hierdie jaar deelgeneem aan die S.A. Universiteitskampioenskappe. Die tennis was van 'n besondere hoë gehalte en gevolglik het ons dit maar moeilik gehad aangesien daar baie interprovinsiale spelers deelgeneem het.

Nietemin het Hendriks daarin geslaag om twee van sy enkelwedstryde te wen. Makkink en Dawie du Plessis het die No. 1 paar van Kaapstad, die uiteindelike wenners van die toernooi, 6—1, 7—5 geklop. 'n Ander wedstryd wat baie hoogtepunte opgelewer het en waarvan ons met trots wil melding maak is die wedstryd waarin Dawie naelskraap verloor het teen Ploughman, die No.1 van Stellenbosch, 'n wedstryd wat 2 uur geneem het met 'n telling van 3—6, 6—2, 5—7. Ploughman was gekies as No. 4 vir die gekombineerde S.A. studentespan.

Daar is besluit dat die volgende toernooi op Bloemfontein gehou sal word en die jaar daarna op ons tuisbane.

Mnr. Makkink, kaptein van die span, maak met dank melding van die finansiële steun wat deur die Studenteraad verleen is.

## Korfbal wen.

Op 20 Junie het die eerste korfbalspan die semi-finaal van die Oostelike kring vir die Unieskuld teen Potchefstroom gewen. Dit was 'n spannende wedstryd waarin die twee spanne telkens kop aan kop geloop het. Die Pukke het egter met vasberadenheid die bal steeds teruggedryf na die doele, waar Stefanie du Plooy die uitblinker was. Die eindtelling was 33—26.




**„Elke Sigaret 'n Meesterstuk"**

Rembrandt is 'n mengsel van ryk
beleë virginiese tabak; gewaarborg
100% suiwer, eerstegraadse blaar

Rembrandt

KURK, ONGEKURK OF FILTER
STANDAARD EN VAN RYN GROOTTES

*„Die sigaret wat u altoos graag wou rook"*

Kopiereg RA136 XZZ